



ONS LEER BREI (Les 5)

DAAR is verskillende soorte, veelkleurige breiwerk en hul benamings word dikwels lossies gebruik — dikwels heeltemal verkeerd. Die bekendste is Shetland, Jacquard en fair isle.

Shetland breiwerk is gewoonlik gebrei van natuurlike, ongekleurde wol van naaswit, grys, bruin en swart wolskape.

Vir fair isle word helder, vrolike kleure op 'n wit, natuurlike of grys agtergrond gebruik — rooi, groen, blou en geel is die hoofkleure. Iets interessants wat nie algemeen bekend is nie is die feit dat in egte fair isle-breiwerk die patrone nooit herhaal word nie, hulle verander voortdurend, die hele lengte van die kledingstuk deur, en word afgewissel deur bande van die agtergrondkleur. Daar is verskeie tradisioneel godsdienstige motiewe wat algemeen in fair isle gebruik word soos die Armada-kruis, ster-, hart- en roosmotiewe.

Jacquard-breiwerk is vernoem na 'n Fransman wat in die vroeë 19e eeu 'n weefstoel ontwerp het wat patrone in materiaal kon inweef van dieselfde garing as die res van die materiaal of in kontraskleure. Ingebreide motiewe wat lyk of dit geweef is, word dus Jacquard-breiwerk genoem.

Sommige mense vind dit moeilik om kleure in te brei en ander vind dit baie maklik. Dit is inderdaad maklik mits 'n paar gulde reëls nagekom word.

Jy het sonder uitsondering 'n diagram op ruitjespapier nodig wat ry vir ry vanaf die onderkant gevolg moet word.

Koussteek is die regte steek vir kleur-breiwerk.

Wanneer motiewe ver uitmekaar ingebrei word, moet 'n afsonderlike bol van die kontraskleur vir elke motief gebruik word. Dit voorkom lang lusse aan die verkeerde kant.

Wanneer jy met verskillende kleure brei, moet jy onthou dat die drade wat agter die breiwerk lê, los genoeg moet wees om nie die breiwerk in te trek en die rekbaarheid van die werk belemmer nie. Trek jy dit te styf, vorm daar gate waar jy van kleur verwissel.

Die kontraskleur moet altyd met die kleur wat in gebruik is, ineengedraai word om lusse en gate te voorkom. Dit word so gedoen: Plaas die kontraskleur aan die agterkant oor die hoofkleur voor die steek gebrei word, en plaas die kontraskleur onder die hoofkleur vir die volgende steek. Brei die regsry so, maar onthou dat dit in 'n aweregsry aan die voorkant van die werk gedoen word.

Jy moet ook let op watter kleure gekombineer word — in sommige gevalle sal baie donker kleure deurskyn, hoe versigtig jy hulle ook al ineendraai.

Elders in die tydskrif gee ons die patrone vir truië met ingebreide kleure sodat jy die wenke sommer dadelik kan toepas.

In dié les leer ons om fair isle, Shetland-breiwerk en Jacquard-breiwerk te brei. Leer om na hartelus kleure in jou breiwerk in te brei

